

Die boompie moet vir een of meer seisoene gelaat word om in die diep bak te groei. Geen snoei moet in hierdie tydperk op die boompie toegepas word nie. Die rede hiervoor is dat hoe sterker die bogroei is, hoe sterker ontwikkel die raam- en sywortels.

Nadat daar dus sterk bogroei plaasgevind het, kan die penwortel onderkant die ringbas afgesny word. Nou kan die bo-groei teruggesnoei word en die boompie kan na 'n vlakker groeipot oorgeplaas word. Na nog 'n seisoen of twee is die boompie gereed vir sy finale houer.



c. Voorkoming van penwortelvorming

Hierdie metode kan toegepas word met jong boompies. Sodra saailinge sterk genoeg gegroei het om in 'n groter houer oorgeplant te word, moet die jong penwortel met 'n mes afgesny word. Die wortelgedeelte kan dan in hormoonpoeier gedruk word en die jong plantjie kan dan in sy groter houer geplaas word.

Jong boompies wat volgens hierdie metode behandel is, vorm goed verspreide raam- en sywortels. Die boompie se bo-groei is ook gekoppel aan die wyse waarop sy ondergroei ontwikkel. Die gevolg is dus dat die bo-groei ook goed verspreide raam- en sytakke ontwikkel.

d. Die regte groeimedium

Akasias is geneig om onnodige lang penwortels te ontwikkel veral waar die grondtekstuur na die kleierige kant toe neig.